higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BEDRYFSORGANISASIE EN -BEPLANNING N3

30 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 'n Alleenhandelaar is 'n vorm van onderneming✓ wat deur een eienaar besit word.✓ Die eienaar verskaf al die kapitaal, kry al die wins en is verantwoordelik vir al die risiko's.✓ (3)

1.2 Werkontleding is 'n stelselmatige proses✓ waarin inligting ingesamel word oor werk, poste✓ en die verhoudings tussen poste.✓ (3)

1.3 Kliënte van 'n bank gee vir die bank op 'n voorgeskrewe vorm instruksies om 'n sekere bedrag gereeld aan 'n aangewese persoon of instelling te betaal.✓ Hierdie diens word gebruik vir herhaalde, gereelde betalings, byvoorbeeld versekeringspremies✓ en huurkooppaaiemente.✓ (3)

1.4 Dit is die deel van kantoororganisasie wat te doen het met die toewysing van klerklike aktiwiteite aan die kantoorpersoneel,✓ en die prosedures en metodes✓ waarmee hierdie klerklike aktiwiteite doeltreffend uitgevoer word.✓ (3)

1.5 Dit behels 'n besluit oor hoeveel produksiekapasiteit om in te belê,✓ en dan 'n besluit oor hoe om produksie te skeduleer.✓ (2)

1.6 Dit is 'n selfstandige persoon (eenheid) wat daarop mik om 'n wins te maak✓ uit die kapitaal wat deur meer of minder individue belê is,✓ en voortdurend dienste of goedere te bied✓ deur die kapitaalrisiko te neem wat met die verwagting van die aanvraag gepaardgaan.✓ (4)

1.7 Dit word gestig in terme van die Wet op Beslote Korporasies✓ en kry die status van regspersoon✓ (een of meer, maar 'n maksimum van 10 persone). (2)

[20]

VRAAG 2

2.1 **Indiensopleiding**✓
Gebeur in die werkplek in die loop van werkaktiwiteite.✓ Dit behels 'leer deur te doen' en sluit toesighouding, mentorskap en poswisseling in.✓

- Toesighouding: Dit word deur die werknemer se onmiddellike bestuurder verskaf en vind gewoonlik informeel op 'n daaglikse basis plaas. Dit is belangrik dat werknemers die vrymoedigheid moet hê om hulp en inset van hulle toesighouers te vra wanneer dit nodig is.✓
- Mentorskap: Dit is 'n meer formele stelsel as toesighouding. Dit kan 'n doeltreffende manier wees om junior werknemers hulle volle potensiaal te help bereik, veral dié wat leierskapspotensiaal het.✓
- Poswisseling: Dit vind plaas wanneer 'n werknemer 'n reeks poste in die organisasie een op 'n slag aanneem en vir etlike weke of maande in elke pos bly.✓

Buitebedryfsopleiding✓
Dit vind buite die werkplek plaas, maar gewoonlik tydens werksure.✓ Dit sluit in formele kursusse en bywoning van kongresse en seminare wat geleenthede bied om te leer en aan ander mense en organisasies in dieselfde veld blootgestel te word.

Kopiereg voorbehou

Dit behels leer deur te doen, en dit bied geleenthede vir werknemers om die nuut verwerfde kennis en vaardighede onmiddellik toe te pas en terugvoer oor hulle pogings te kry. Hierdie vorm van opleiding is dikwels informeel en onstelselmatig.✓

Dit het die voordeel dat dit werknemers 'n geleentheid bied om hulle aandag op leer te fokus, weg van die druk van die werkplek af.✓ Dit kan 'n doeltreffende manier wees om 'n groot volume nuwe inligting en vaardighede op te doen.

Omdat dit buite die werkplek plaasvind, is daar egter geen waarborg dat die opleiding relevant tot die werkplek is nie, of dat werknemers hulle nuwe kennis en vaardighede sal toepas wanneer hulle na die werk terugkeer nie.✓

Vakleerlingskappe, insluitend leerskappe✓
Dit behels 'n kombinasie van indiens- en buitebedryfsopleiding, en word gewoonlik deur werknemers wat met hulle loopbaan begin, gedoen.✓ 'n Vakleerling is gewoonlik 'n jong persoon wat vir 'n ooreengekome tydperk werk, dikwels vir min betaling, ten einde 'n vak of ambag te leer.✓

'n Leerskapooreenkoms is 'n kontrak vir 'n spesifieke tydperk tussen drie partye: 'n Leerder, 'n werkgewer en 'n opleidingsverskaffer.✓

Die leerskapooreenkoms vereis dat die werkgewer vir die leerling ten minste die volgende gee:

- 'n Werk vir 'n spesifieke tydperk
- Praktiese werksondervinding
- Tyd om klasse by te woon

Die leerling word dan deur die ooreenkoms vereis om vir die werkgewer te werk en klasse by te woon. Die opleidingsverskaffer moet onderrig, opleiding en ondersteuning aan die leerder verskaf.✓ (3 × 5) (15)

2.2
1. Identifiseer 'n behoefte aan verkryging (herbestelpunt of ontvangs van rekwisisie).
2. Evalueer die beskikbare verskaffers.
3. Kies 'n verskaffer deur 'n bieproses of onderhandeling.
4. Verkryging vind plaas met 'n koopopdrag om die proses aan die gang te sit.
5. Monitor die prestasie van die verskaffers voortdurend om die siklus oor tyd te verbeter. (5)

[20]

VRAAG 3

3.1 3.1.1

- Die vervaardiger se bestellings word gereeld, op dieselfde tyd, by die korrekte adres en in die korrekte hoeveelhede afgelewer.✓
- Vermindering in koste, want die vervaardiger hoef nie rond te soek om voorraad te verkry nie.✓
- Die vervaardiger word verseker van gereelde verskaffers teen ’n billike en bestendige prys.✓
- Voorsiening van voorraad vind op gereelde basis plaas.✓

Die vervaardiger hoef slegs te sorg dat die korrekte bestellings geplaas word.✓ (5)

3.1.2

- Wanneer produksie goed beplan en georganiseer word,✓ bevorder dit werksbevrediging.✓
- Wanneer werknemers weet watter gehalte en standaarde van hulle verwag word, skakel dit onnodige argumente uit.✓
- Werknemers is geneig om meer produktief te wees.✓
- Die werkplek is aangenaam en veilig, en higiëniese toestande is algemeen.✓ (5)

3.2

- Om inligting in te samel en aan te teken
- Om inligting aan te teken en te stoor
- Om prosesse voor te berei en te reël
- Om effektief te kommunikeer
- Om inligting veilig te liasseer/stoor (klassifikasie is baie belangrik)
- Om doeltreffend te kommunikeer
- Om roetine-administrasie te doen
- Om die wette van die land na te kom (Enige 5 × 1) (5)

3.3

- Die aanbod moet volledig wees.
- Die aanbod moet voorstelle bevat oor al die sleutelvereistes van die voorgenome kontrak.
- Die aanbod moet duidelik en ondubbelsinnig wees.
- Die aanbod moet gemaak word met die ernstige voorneme om ’n wetlike verpligting te skep.
- Die aanbod moet met al die werklike kennis van die aanbodontvanger gepaardgaan.
- Formaliteite is slegs nodig waar dit deur die wet of deur al twee partye vereis word. (Enige 5 × 1) (5)

3.4

- Die datum waarop die item gekoop is
- Die naam van die verkoper
- ’n Beskrywing van die item
- Kontrolering van aantal betalings
- Die koopbedrag, insluitend belasting (5)

[25]

VRAAG 4

4.1
- Waar die drie elemente van 'n verkoop teenwoordig is (ooreenkoms en prys), word 'n verkoopkontrak afgehandel✓ ongeag of die aflewering van die voorwerp gedoen is of die prys betaal is.✓
- Waar die partye ooreengekom het dat die verkoop op skrif moet wees,✓ sal geen geldige kontrak bestaan totdat al twee partye die verkoopkontrak aangeteken en onderteken het nie.✓
- 'n Verkoopkontrak met betrekking tot grond moet op skrif wees✓ en deur al die partye onderteken wees.✓
- Verkoop van 'n onderneming moet in die staatskoerant of plaaslike koerant✓ geadverteer word.✓ (8)

4.2
- **Verdeelbaarheid**✓ Dit moet in kleiner bedrae verdeel kan word sonder om sy waarde te verloor.✓
- **Onvernietigbaar**✓ Dit moet duursaam wees; metaal moenie roes nie.✓
- **Stabiel in waarde**✓ Dit moet as betroubare standaard van afbetaling dien.✓
- **Homogeen**✓ Die gehalte daarvan moet eenvormig wees.✓
- **Herkenbaar**✓ Die kenmerke daarvan moet maklik wees om tussen ander stowwe uit te ken.✓
- **Bruikbaar**✓ Dit moet op sigself nuttig en aanvaarbaar wees, nie net omdat dit as geld dien nie.✓
- **Draagbaar**✓ Dit moet draagbaar wees sodat dit moontlik is vir mense om groot hoeveelhede teen lae koste oor lang afstande te vervoer.✓

(7 × 2) (14)

4.3
- Al twee partye moet met mekaar saamstem.
- Die partye moet handelingsbevoegdheid hê.
- Regsformaliteite moet nagekom word.
- Uitvoering moet moontlik wees met sluiting van die kontrak.
- Die kontrak en uitvoering moet wettig wees.
- Die uitvoering moet bepaald of bepaalbaar wees. (Enige 5 × 1) (5)

4.4
- Indirekte arbeidskoste
- Depresiasie
- Verbruikersgoedere, bv. inkopiesakke en voorbeelde
- Water en elektrisiteit
- Instandhouding- en herstelkoste
- Tariewe en belasting
- Huurgeld
- Brandstof en vervoer (Enige 8 × 1) (8)

[35]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou